"Die ontwerper **Tord Boontje** was een van die sprekers by Design Indaba vanjaar. Ek het een van sy lampskerms gekoop en dit hang nou in ons slaapkamer. Elke aand word ek daardeur bekoor… die kontras van die kontemporêre lampskerm teen die ou geperste staal-plafon."

Dekortydskrifte, grafiese boeke en boeke met plantfotos bied inspirasie. "Selfs 'n oorbel het al 'n nuwe ontwerp gebring! Ons kyk nie na die glansryke dinge nie, maar na die klein dingetjies rondom ons."

My *lewe* in 'n plakboek

deur SCHALK SCHOOMBIE *foto's CANDICE ASKHAM*

Voëls en fynbos, kleindorpie-name en kleur… als wat mooi is aan ons land, inspireer ontwerper *Amanda Haupt* van Pretoria.

Saam staan Amanda (32) en mede-ontwerper Lise Butler aan die hoof van Design Team, 'n span van digby 30 wat werk vanuit 'n fabriek in Centurion.

"Al die gordyne in my huis is van Design Team se lap. Met elke nuwe reeks wat ons bekendstel, kom ek in die versoeking om êrens 'n nuwe gordyn te hang!" lag sy.

Haar huis in Pretoria is 'n mengelmoes, met vertoonkaste vol "onbelangrikhede" wat vir haar belangrik is: "Ek's lief vir oudhede, van meubels tot koekblikke. Ek krap graag rond in tweedehandse winkels op soek na ou borde, nie net in 'n spesifieke styl nie, maar eenvoudig wat vir my mooi is.

"'n Voortrekkerbord hang langs Delft. Dis juis die kontras waarvan ek hou."

Haar sitkamerbank is gestoffeer met die lap waarmee Design Team se eerste druktafels oorgetrek was. Mettertyd is verskillende patrone bo-oor mekaar gedruk. "Dis 'n lekker herinnering aan waar ons begin het."

"Ek en my man, Cobus, versamel ou **landskapskilderye** en afdrukke. Ek hou van die swaar, outydse gevoel wat jy kry as als so saam hang."

"Ek en Lise meng en pas graag tradisionele tekstiel-elemente met plaaslike ikone, wat 'n nuwe ontwerpstyl met internasionale flair meebring. Een of twee maal per jaar stel ons 'n nuwe reeks bekend. 'n Plaaslike gevoel loop deur alles. Die ontwerpe is spesifiek dog tydloos, klassiek of *funky* kontemporêr in styl."

"Hierdie **blikbeker** was 'n trougeskenk van ons goeie vriend, die kunstenaar Dylan T. Graham. Ek hou daarvan dat dit net soos 'n gewone blikbeker lyk, maar wanneer jy dit van nader bekyk, besef jy dis 'n kunswerk!"

1

Kuier *kuier*

deur CHRISTINE FERREIRA

Lief vir mooi plekkies, lekker kos en interessante snuffelgoed? Op dié bladsy vertel ons jou van die nuutste lekkerleef-dinge.

1 Handgemaakte speelgoed-luiperdjie van vilt (R38) van **Kraft Kuier & Koffie** naby Ventersburg in die Vrystaat. Dié plekkie is reg langs die hoofpad as jy by die dorp indraai. Inligting ☎ 073 524 7724.

2 *Maak 'n draai by* ***The Blue Room,*** *'n dekorwinkel vol oudhede met 'n moderne kinkel, in Derdelaan, Linden, Johannesburg. Hier kry jy van staanlampe uit die sewentigs tot Tretchikoff uit Ouma se voorhuis. Inligting ☎ 011 888 4163.*

3 Proe die appelliefies. **Milly's Gooseberry Jam** (R47,20) is tuisgemaakte lekkerte van die Milly's-padstal by Machadodorp, Mpumalanga.

4 *Vir die volmaakte koppie tee.* ***Magoebaskloof Tea*** *(R33,90) is 'n heerlike Ceylon-tee wat in die subtropiese omgewing van Tzaneen verbou word. Inligting magoebaskloaftea@mweb.co.za. Beskikbaar by The Wheelbarrow-padstal.*

5 **Oude Denneboom Eland 2008** kom van dié wyn-, olyf- en wildsplaas naby die Paarl. Hier geskied die meeste van die wynmaak-aktiwiteite per hand en word daar gespesialiseer in boetiekwyne. Hierdie besondere rooiwyn het 'n vars bessie-neus met 'n blomme-nuanse. Die smaak van pruim en moerbei lê fluweelsag op die tong. Inligting ☎ 083 376 9924 of www.oudedenneboom.co.za

6 *Het jy geweet dat 95% van die wêreld se volstruisprodukte van SA af kom?* ***I&J HomeStyle Lean Ostrich Burgers*** *is 'n nuwe gesonde rooivleis-opsie vir jou gesin. Lekker laag in vet, cholesterol en kalorieë. Braai hulle gerus oor die kole.*

2

3

5



6



"Goeie vriende van ons het hierdie skets vir ons gestuur toe ek uitgevind het ek's **swanger** met Liam (nou 2). Ek en Cobus dink dis so oulik dat dit steeds teen ons fotomuur hang."

Amanda en **Lise** (33) het saam studeer en beide het 'n graad in tekstielontwerp en tegnologie (cum laude) behaal. In 2002 het hulle in hul eerste fabriek ingetrek. "Ek en Lise is soos swart en wit bymekaar. Ek hou van helder kleure en uitspattige patrone; sy dra grys, swart en klipkleur en hou van 'n klassieke styl. Ons het 'n groter konneksie as wat ons besef – ons raak selfs bedags lus vir dieselfde kos!"

"**Design Team** is gebou op eenvoudige sakebeginsels en spanwerk. Ons volg nie tendense na nie, maar streef daarna om ons eie te begin. Ons volg ons eie instink."

In Mei vanjaar is hul nuwe lapreeks bekendgestel. Dit gebruik ikoniese fotobeelde uit die 1950's en 1960's van mense soos Dolly Radebe wat destyds op die tydskrif *Drum* se voorblaaie gepryk het: "Dis nostalgiese beelde wat verbasend kontemporêr en veelsydig is. Boonop is dit heel tydig vir die sokkerwêreldbeker!"



"**My man**, 'n beeldhouer, verbaas my altyd met sy talent. Ek is seker sy grootse aanhanger en ek's gelukkig genoeg om so nou en dan 'n beeld te kry."



Foto's Estie van Heerden. Grimering en hare Heidi Gomes

"Ons het 'n gietsel van ons seuntjie se **voetjie** laat maak toe hy drie dae oud was en Cobus het dié pragtige bronsbeeld daarvan gegiet. Die voëltjie daarop is 'n herinnering aan ons twee se eerste vakansie saam."

■ Navrae: info@designteamfabrics.co.za of www.designteamfabrics.co.za